**<u>Area 1 se Jaarverslag 2024</u>**

Area 1 bestaan uit 7 takke, naamlik Alpha, Edenville, Holfontein, Koppies, Kroonstad en Parys. Die Area het 111 lede.

| | | |
|---|---|---|
| Alpha | - | 12 |
| Edenville | - | 11 |
| Holfontein | - | 11 |
| Koppies | - | 22 |
| Kroonstad | - | 17 |
| Parys | - | 15 |
| Steynsrus | - | 13 |

Die 2024 Konferensie is deur Parys aangebied en 85 persone woon dit by. Die tema was "Kaalvoet Dapperheid."

Area 1 strek vanaf Sasolburg tot Steynsrus en al is die takke ver uitmekaar, handhaaf die lede onderlinge kameraadskap, harmonie en vriendskap. Byeenkomste soos Konferensies of die Kongres is blye bymekaarkomgeselligheide! Takke reik uit na mense in nood in hul gemeenskappe.

Met takvergaderings word lede nie net prakties toegerus nie, maar ook geestelik en emosioneel verryk. Demonstrasies en werkswinkels word aangebied.

Fondsinsamelingsprojekte word gehou, soos bak van jafels, pannekoek en beskuit, werk by Rally's en veillings. Aanbied van Brood- en Kruie-oggend wat deur Kroonstadtak aangebied was, was 'n groot sukses.

Drie Areavergaderings is gehou, naamlik 24 Januarie 2024, 28 Junie 2024 en 8 Oktober 2024.

7 takke woon die Kongres by, met 'n totale bywoning van 15 lede uit Area 1. Verskeie produkte is bygedra vir die Kinders met Kanker projek. (CHOC).

**Vir die 2de agtereenvolgende jaar verower Area 1 die trofee as die Wen Area op die kongres.**

Die Verrykingseminaar is deur 30 lede bygewoon.

Besondere prestasies is behaal tydens die afgelope Kongres. 91 Artikels word beoordeel vir Kongreskompetisies en 7 artikels neem deel aan die SAVLU Kongres. 2 Lede behaal prestasies ten opsigte van deelname aan die Kongres :

Ina van Rensburg, Alpha tak – 1ste plek Borduurmasjienwerk; en
Lynette Troskie, Kroonstad tak – 1ste plek Masjienwerk

## ALPHATAK

Spreekster was Maatskaplike werker , Bernita Bekker. Vlenterlap tot Pêrel Vrou. “Daar is soveel stukkende mense vandag, maar die Here maak stukkende mense heel. Hoe kan ek myself verbeter.
Ons kon vraelyste antwoord. Sy vestig weer ons aandag daarop dat daar altyd Hoop is, al dink ons soms God Antwoord ons nie. Jou lewe is soos ‘n laslappie kombers, hy gaan vol gate wees, uitgerafel of in eenstuk met die hulp van die Heer. Dink maar net aan Rut, Hanna en Maria . Jy het ‘n keuse en wonde genees. Maak memories; lag en wees dankbaar. Elke pêrelvrou het ‘n storie nes ‘n regte pêrel wat geskaaf en gepoets word in die skulp tot die volmaakte pêrel

Dr Marais Opperman en Adele Pullen (sy sê sy is ‘n bruin vrou, nie ‘n kleurling nie) is beide Opvoedigkunige Sielkundiges. Hulle voer olv Chrizanne van Eeden ‘n gesprek oor kulture.
Kulturele verskille kan positief of negatief ervaar word. Rugby word as voorbeeld voorgehou.
Ras en kultuur verskil: ras is ‘n beboortepakkie en kultuur is waar jy inpas. Elkeen word aan verskillende kulture blootgestel: waar jy werk, waar jy woon, waar jy studeer. Daar is baie miskonsepsies oor kulture in ons veel-kultuur land. Moet niks aanvaar nie, praat oor jou eie kultuur met ander en vra uit. Moet nie die velkleur raaksien nie, sien die mens binne die vel raak.

Opedag is ook gehou waartydens artikels van lede uitgestal is. Dames is ingelig oor die ontstaan en bedrywighede van die Vroue Landbou-Unie deur Elsa Brits.

Voorsitter : Rina de Klerk
Sekretaresse : Suzette du Toit

## EDENVILLETAK

Alet van Schalkwyk het vir die dames kom wys hoe om brood te bak. Sy vertel ook die geskiedenis en gebruike van brood. 2 van die lede was so begeesterd om te bak en het by Alet ‘n “plantjie” bekom.
Henda van Eeden en Carol Snyman woon ook ‘n Macramé-werkswinkel te Heilbron by. Henda wys vir vir die lede om 2 knope van Macrame te maak.
Met die Naaldwerkvergadering, demonstreer Ansie Greeff hoe om lekker pantoffels te maak vir die winter met behulp van net twee lappe wat teenmekeer vasgewerk word, omgedop word en op die soollap vasgewerk word.
Tydens Vandag se Vrou vergadering wys Johamien van Niekerk wys lede allerhande slim truuks wat mens deesdae op die internet kan gebruik en verskeie ‘Doen dit self’ projekte wat mens tuis kan probeer. Die dames is nie heeltemal oningelig nie en hulle ruil fluks selfoonwenke uit.
5 Lede het die Bessieplaas naby Parys besoek. Daar is bv 40 soorte bloubessies.Hulle voorsien emmertjies en sakkies wat geweeg word, nadat bessies van jou keuse gepluk is, word geweeg en daarvoor moet dan betaal word.

Voorsitter : Ansie Greeff
Sekretaresse : Carol Snyman

## HOLFONTEINTAK

SAPD kom praat met die lede oor Kuberveiligheid, Selfoonbankveiligheid, asook terwyl jy reis.
Die lede pak hul tasse en reis saam met Sandra Els na Turkye. Bewyse is gevind dat Turkye al sedert die Ystyd bestaan. Sy was veral beïndruk met die stede wat onder die grond gebou was, sommige tot 8 verdiepings diep. Die Christene het in die stede weggekruip vir die Romeine. Tradisionele geregte is gemaak en voorgesit vir die lede.
Met Lente in die lig, word 'n uitstappie onderneem na Alma Kwekery te Welkom. Die eienaar van die Kwekery beantwoord al hul vrae.
Die plaaslike Diere Besekermingsvereniging word besoek. Dit word besef dat daar 'n groot nood is vir weggooi troeteldiere. Die tak neem kos en komberse en oorhandig dit.
Lede leer by die plaaslike Kunswinkel om Kersfeeslanterns met ou koffiebottels te maak, asook met servette te versier.
Lisa Stewart van Henneman lewer 'n sielvolle boodskap van die verlossing en sing pragtige en roerende Kersliedere. Sy vertel ook haar lewenspad met die Here en haar stryd met kanker.
Prysuitdeling vind ook plaas.
Tydens die Januarie-vergadering word ie kompetisie artikels vir 2026 bespreek en die Jaarbeplanning word gedoen.

Voorsitter : Christa Olivier
Sekretaresse : Bettine Crous

## KOPPIESTAK

Sandra de Jongh inspireer lede met praktiese voorbeelde van hoe om jou huis se dekor te verander. Aandag word ook gegee aan die Kankerprojek en 7 persone het elkeen 'n bederfpakkie ontvang.
Die lede hou konsert en doen self-die opvoering!! Sing, dans en voordrag.
Ons word by die saal omtmoet deur n "nar" waar jy eers R5 moet betaal , dan ontvang jy 'n houertjie popcorn en n glasie melkskommel.
Elkeen dra ook n masker, met groot vermaak en gelag. Party lede was onherkenbaar vermom.
Elmarie Els , maatskaplike werkster by 'n Jeugsorgsentrum in Heilbron, is ons spreker en praat met ons oor die maskers wat ons dra bo-oor die seer in ons lewe.
Lede dra by tot n skenking van klere en ander huishoudelike items aan die Jeugsorgsentrum.
Naaldwerkvergadering word voorafgegaan met 'n paar opwarmingsoefeninge. Arms word geswaai en bene word gelig! Belinda vd Merwe, van Kroonstad het lede meer kom vertel van die maak van 'n kwilt. Elke lid het vir haarself n spelde kussinkie gemaak.
Moeite word gedoen met die vergaderings. Tydens ons "Vrou van die dag" het Elmarie Oosthuizen ons vertel het van die pad wat sy geloop het nadat n spinnekop haar op haar groottoon gebyt het. Die VLU lede se aanhoudende aanmoediging en gebede het haar laat aanhou en uithou.

Mnr Cornel vd Westhuizen van Watts juweliersware het met ons kom praat oor die maak en ook die skoonmaak van juwele. Die waardering van juwele is baie belangrik vir jou versekering.
Pak jou Tas! ‘n Baie mooi uitnodiging nooi die lede na ‘n plaaslike restaurant!
Lede is op ‘n maandlange toer deur Angola geneem. Skokkende foto’s van besoedeling in die see en op die strande word vertoon. Alle rommel en huishoudelike afval word in die see gestort. René Jonker demonstreer nuwe sakkies waarin jy jou klere kan sit, suig die lug uit en dit dan in jou tas te pak.
‘n Baie interessante kompetisie was om ‘n Kersboompie te maak met afvalmateriaal. ‘n Ou tydskrif is gevou, blikkies in verskillende groottes is opmekaar gestapel, die plastiek botteltjie van die roll-on botteltjies is opmekaar geplak, toiletpapierrolletjies is gebruik.

Voorsitter : Catrien Koekemoer
Sekretaresse : Elsa Jonker

## KROONSTADTAK

Stigters van die “Ignite and Revive” Projek spreek die vergadering toe en vertel die lede van die inisiatief wat gelei het dat Kroonstad die Kyknet Dorp van die Jaar Kompetisie gewen het. Daar is vertel van al die projekte wat uitgevoer is. Die Nehemia-beginsel word gevolg: “Kom, laat ons die muur van Jerusalem herbou, en ons sal nie meer in skande wees nie” (Neh 2:17-20).
Met die Pak jou Tas-vergadering vertel Hannelize Kleynhans van haar lewe in Malawi en gee ‘n paar aanbevelings van hoe en om wat te pak. Neem ‘n foto van jou tas en merk dit met al jou inligting, ingeval dit verlore raak. Wenk : Goedkoop muskiet sproei: Meng ⅓ Dettol met ⅔ water in ‘n bottel.
Dr Liri Victor is ‘n Tradisionele dokter wat haar studies in Duitsland gedoen het. Sy staan vroue by wat na ‘n masektomie die regte bra en prosteses moet kry. Die doel is dat elke vrou die regte bra moet dra wat reg pas en verduidelik aan die lede hoe om die regte bra te koop.‘n Bra sit reg as dit nie gevoel kan word nie.
Zahn Kruger het vir die lede gewys hoe om enige iets mooi te maak en het gewys hoe om interessante Welkom-borde te maak. Dit hoef nie noodwendig gekoopte produkte te wees nie.
Die dames word deur Deidre Lai toegespreek. Sy is betrokke by Kroonstad se parkrun en gee meer ligting oor die Parkrun se ontstaan en wat dit alles behels.
Belinda van der Merwe wys vir die lede al haar mooi gehekelde komberse wat sy al gehekel het. Salomie Brink wys ook voorbeelde van verskillende tegnieke.
Alet van Schalkwyk het vir die dames gewys hoe om brood te bak. Sy vertel ook aan die lede die geskiedenis van brood. Hierdie demonstrasie het meegebring dat die dames nou self brood bak en ook verkoop vir ‘n inkomste.
Die dames besoek Gladys se winkel, waar hulle gewys word hoe om geskenke toe te draai. Vir sommiges was dit nie so maklik soos waat hulle gedink het nie. ‘n Heerlike leersame en ontspanne vergadering van baie lag.
Ina Jagga het ook ‘n Sweetie Pie-werkswinkel aangebied.

‘n Brood- en Kruiewerkswinkel word aangebied.  90 Dames woon die oggend by. Hierdie oggend was so geslaagd, dat die dames gevra het wat die Tak in 2025 gaan aanbied!
Ansie Heyns van Steynsrus het die tak meer vertel van die Sonneblomolie wat sy gebruik in haar velsorgprodukte.

Voorsitter :  Ina Jagga
Sekretaresse :  Salomie Brink

## PARYSTAK

Jan-Danie Malan bestuurder van Udolpho, FAK-terrein gesels oor Kultuur met die dames. Kultuur uit die verlede en hede. Wat los ons vir die nageslag oor.
Stel ‘n voorbeeld om kultuur te gebruik
Aktuele Sake : Prof David Gerrike gesels oor die koerant
Hy vertel van die rol wat koerante in die samelewing speel, asook die invloed van tegnologie op die gedrukte media.
Naaldwerkvergadering : Linda Kruger het gepraat en demonstreer van die naaldwerk en patrone wat sy maak. Sy het ook vertel hoe sy patrone ontwerp.

Voorsitter :  Bernadet van der Ende
Sekretaresse :  Annatjie Dreyer

## STEYNSRUSTAK

Lede het onder meer geleer hoe om Origamie vouwerk te doen.
Steynsrustak werk ook elke tweede maand by die plaaslike Veilingskrale om fondse in te samel.
Tydens Takbesoek deur Hanri Cilliers, het ons Stoeloefeninge gedoen en almal was heel verbaas hoe uitasem ons kon raak van die oefeninge. Die Spreekster het ook vir die lede vertel van hoe belangrik dit is om mekaar te ondersteun. Daarvan kan ons as VLU-lede getuig!

Voorsitter :  Lina Watson
Sekretaresse :  Maude Bosch